GRONDHERVORMING

RADIKALE GRONDPLAN MAAK MANTASHE OOK OPGEWONDE

"HOU op kla en kritiseer, en begin sélf doen." Dít is die kort en kragtige boodskap van die *Witzenberg Partnership in Agri Land Solutions* – oftewel Witzenberg Pals, sê mnr. Gerrit van Vuuren, 'n prokureur van Ceres wat aan die hoof staan van dié inisiatief.

Van Vuuren het op die jaarlikse inligtingsdag van die Inmaakvrugte-produsentevereniging (IPV) en Droëvrugte Tegniese Dienste (DTD) buite Robertson oor die Witzenberg-inisiatief gepraat. Dié inisiatief het reeds 50 lewensvatbare grondhervormingsprojekte geïdentifiseer in sy omgewing – wat die Koue-Bokkeveld, Tulbagh, Wolseley, Breërivier-Noord en die Ceres-Karoo insluit – en aan die Regering voorgelê. Dit kan tot 12 000 nuwe werkgeleenthede in daardie area alleen skep.

"Ons glo dat wanneer 'buite die kas' gedink en gedoen word, konstruktiewe grondhervorming dadelik rigting en spoed kry. Vra jouself af of huidige strategieë en planne werk, en verander van rigting wanneer dit nodig is."

"Ons het die keuse: Wag op die Regering, of neem leiding en inisiatief en bepaal agendas en werkswyses," sê Van Vuuren.

"Die Witzenberg-munisipaliteit, boere en die landelike gemeenskappe maak deel uit van die inisiatief. Ons het besluit om op unieke en eiesoortige wyses grondhervorming aan te help en te versnel. Die kern is gebou op vennootskappe tussen kommersiële en swart boere. Ervare boere skryf die sakeplan en lei vooraf uitgesoekte swart boere, wat die potensiaal het om kommersiële boere te word, daarvolgens op.

"Dit bevorder ekonomiese groei in die algemeen, skep werk en verbeter algemene verhoudinge. Alles is in 'n verklaring saamgevat en deur die belanghebbendes onderteken," sê Van Vuuren.

GEEN SKULD

Wat behels dit? Van Vuuren het verduidelik dat die doelwit is om suksesvolle swart boere te vestig en in die proses hele gemeenskappe daarby te betrek. Die gedagte is dat dit ook oorspoel na ander gemeenskappe.

"Die Witzenberg-insiatief moet 'n alles-in-een-sentrum wees waar klem gelê word op mentorskappe en opleiding – alles in ooreenstemming met die Nasionale Ontwikkelingsplan."

Die Witzenberg-sentrum het 'n fisieke adres vir alle finansiering, koördinering, beplanning en bemiddeling, waar ook alle monitering gedoen sal word.

Hy sê die Pals-raamwerk verskil van ander 'grondplanne' deurdat deelnemende kommersiële boere 30% van aandele in 'n spesifieke projek aan die begunstigdes skenk. Die begunstigdes word gevrywaar van enige skuld terwyl hulle die minderheidsaandele in die projek het. Dié reëling gee begunstigdes reeds veel beter toegang tot finansiering, asook toegang tot bestaande markte.

'n Buitengewone "werkerstrust" kry 'n deel van die wins en swart aandeelhouers kry opsies om meer minderheidsaandele te koop. Die "radikale aspek" of uniekheid van die plan lê daarin dat niks swart boere sou verhoed om byvoorbeeld 'n maatskappy te stig, meerderheidsaandele te koop en sodoende in totale beheer van 'n projek kom nie.

PLAN WAT WERK

Van Vuuren het gesê mnr. Gwede Mantashe, sekretaris-generaal van die ANC, was só opgewonde oor die inisiatief dat hy Ceres reeds besoek het om homself van alles te vergewis.

"Ons hét die werkbare raamwerk, en dit kan aangepas word na gelang van elke boerderysituasie en -behoefte." Pals-projekte word geïmplementeer op bestaande plase en nuwe plase waar winterwater gebruik kan word om besproeiingskemas uit te brei.

Van Vuuren het gesê wat Pals ook anders maak, is die feit dat boere van Witzenberg bereid is om projekte aanvanklik sonder regeringsubsidies aan te pak en suksesvol te maak. Die Regering kan wel as strategiese vennoot hulp verleen met nuwe besproeiingskemas, deur opgaringspermitte vir oortollige water toe te staan en die proses verder te versnel deur te help met goedkoper lenings.

"Ons sukses begin reeds by die manier waarop ons dink en beplan, en die resultate is al daar vir enigiemand om te sien," sê Van Vuuren. – JOHAN COETSEE

WEER

Piket-Bo-Berg se damme laag

As dit nie gou reën op Piket-Bo-Berg nie, is die vrugte-oeste in die gedrang. Dié boord is op die plaas Mouton's Valley van mnr. Eric en me. Michele Starke. FOTO: MICHELE STARKE

VRUGTEBOERE van Piket-Bo-Berg in die Wes-Kaap is benoud oor die dalende watervlak van opgaardamme ná min reën die afgelope winter. Hoewel dit 'n relatief normale seisoen was wat goeie koue-eenhede vir vrugvorming betref, het min reën geval, sê mnr. Niel Paterson, 'n vrugteboer van die plaas Zwaanswyk.

Volgens Paterson is vanjaar se reënval tot nou toe 'n derde van die normale reënval. "Die watervlakke van talle opgaardamme is laag vir dié tyd van die jaar. Weens die min reën was daar baie minder afloopwater uit die berg en klowe. Dit gaan groot stremming plaas op besproeiing en boere sal hul bome minder water as gewoonlik kan gee.

"Die bome kan kleiner of selfs minder vrugte dra. As 'n goeie bui reën hier uitsak, kan dit besproeiing uitstel en waterreserwes spaar tot wanneer dit wél in die somermaande nodig is."

Volgens mnr. Kobus Eigelaar, 'n vrugteboer op die plaas Achtervlei, is die min reën nog nie kritiek nie, maar dit kan groot probleme veroorsaak. "As ons egter binne die volgende 14 dae 'n goeie bui reën van sowat 50 mm kry, sal dit ons kan deursien."

Mnr. Rob Duncan, 'n blomen-vrugteboer op die plaas Pomona, sê 'n goeie reënbui sal welkom wees. Hy't nog genoeg water in sy boorgate, maar die koste om die water te pomp jaag koste op.

Prof. Peet Pienaar, 'n onafhanklike weervoorspeller, verwag goeie reën vir die laaste week in September. Hy voorspel min reën vir die komende maande, maar 'n paar reënbuie in Desember en laat reën vir die winterreënstreek se koringboere.

– JEANDRÉ DU PREEZ